



# Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades - Bev. 1998)  
 Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika  
 Tel: (031) 764-1972 \* Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074  
 E-pos: [conquest@iafrica.com](mailto:conquest@iafrica.com) \* Webtuiste: [www.conquestaolympiads.com](http://www.conquestaolympiads.com)



## Sosiale Wetenskappe – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Moet asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, flaterwater of gom gebruik nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1: 

4.	a	b	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	---	-------------------------------------	---

Voorbeeld 2: 

4.	a	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	d
----	---	-------------------------------------	-------------------------------------	---

### Lugvervoer

Die uitvindings van die eerste vliegtuig was Orville en Wilbur Wright. Op 17 Desember 1903, het die Wright-broers hul eerste suksesvolle eksperiment uitgevoer toe 'n masjien wat 'n man vervoer het, met eie krag opgestyg het en op 'n natuurlike wyse teen 'n gelyke spoed gevlieg het. Dit het sonder skade geland. Voëls vlieg al vir miljoene jare en mense het hulle dop gehou ten einde wetenskaplike beginsels te verkry om te leer vlieg. Die mens het met eenvoudige vlieërs begin; hulle het voortgegaan om sweeftuie, lugskepe, warmlugballonne, helikopters, handelsvliegtuie en selfs supersoniese vliegtuie te ontwikkel.



Wilbur Wright

- Die mens het oor vlug geleer deur ..... dop te hou.**  
 (a) voëls (b) vlieërs (c) eksperimente (d) masjiene
- Orville en Wilbur Wright was die eerste .....**  
 (a) uitvindings. (b) vlieëners. (c) direkteure. (d) broers.
- Wat was merkwaardig omtrent hierdie nuwe vliegtuig wat hulle ontwikkel het?**  
 (a) Dit het 'n persoon die lug in gedra. (b) Dit het teen 'n konstante spoed gevlieg.  
 (c) Dit het nie 'n buiklanding gedoen nie. (d) Al hierdie is korrek.



Orville Wright

Pas die prente in (a) – (d) by vrae 4 – 7.

(a)



(b)



(c)



(d)



- Watter vliegmasjien is afhanklik van lemme wat roteer sodat dit kan vlieg?**
- Watter vliegmasjien gebruik hitte om te vlieg?**
- Watter vliegmasjien gebruik termale of warmlug knikke om te vlieg?**
- Watter vliegmasjien was die tipe wat deur die Wright-broers uitgevind is?**



- Gedurende watter eeu het die Wright-broers hul vliegtuig uitgevind?**  
 (a) 18<sup>de</sup> (b) 19<sup>de</sup> (c) 20<sup>ste</sup> (d) 21<sup>ste</sup>

Kies die korrekte woorde in (a) – (d) om die sin in vrae 9 – 12 te voltooi.

(a) spoed (b) supersoniese (c) klank (d) grens

...9... vlug (wat deur die klank ...10... breek) word bereik wanneer 'n voorwerp teen 'n ...11... beweeg wat vinniger is as ...12... (1235 kpu).

Lees die tabel regs vir vrae 13 – 22.

Pas die afkortings in (a) – (d) by vrae 13 – 16.

(a) pk (b) kg (c) km (d) pu

- Watter afkorting het betrekking op afstand afgelê?**
- Watter afkorting het betrekking op tyd?**
- Watter afkorting het betrekking op enjinkrag?**
- Watter afkorting het betrekking op gewig?**

Jaar	Uitvinder	Uitvinding
1783	Meusnier (Frans)	Hy het die ontwerp van die warmlugballon gebruik om 'n lugskip voor te stel. Alhoewel hy die idee met baie tekeninge voorgelê het, is Meusnier se lugskip nooit gebou nie.
1852	Henri Giffard (Frans)	Hy het die eerste praktiese lugskip gebou. Gevul met waterstofgas, is dit aangedryf deur 'n 3 pk stoomenjin wat 160 kg geweeg het en dit het teen 9 km/pu gevlieg. Alhoewel Giffard se lugskip kon opstyg, kon dit nooit heeltemal beheer word nie.
1884	Renard en Krebs (Frans)	<i>La France</i> was heeltemal onder sy loodse se beheer. Dit het teen 24 km/pu gevlieg.
1895	David Schwarz (Duits)	Dit was die eerste suksesvolle genavigeerde lugskip. Sy ontwerp het gelei tot die suksesvolle ontwikkeling van die Zeppelin, 'n onbuigbare lugskip gebou deur Graaf Zeppelin.